

KOMMUNIKAMMA 16 AUGUSTUS 2020



Kontakpersone, indien u meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

U blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Dr Deon Els: 072 276 7555; els_deon@yahoo.com

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

TEKS VIR DIE WEEK:

Lukas 6: 38

“As julle gee sal julle ontvang. Julle gawes sal na julle terugkom in volle maat, ingestamp, geskud om plek vir meer te maak, tot oorlopende toe vol. Met watter maat julle ook al meet – klein of groot – dit sal gebruik word om te meet wat julle sal terug ontvang.”

SAKE VIR GEBED:

- Vandag bid ons saam met ander kerke hier in die Oos-Kaap vir die volgende sake: Pandemie, gesondheidsdienste, werkloosheid en armoede, plaaslike bestuur, droogte en waterkrisis, geweld en misdaad.
- Vandag vier ons Nagmaal. Ons vra God se seën op gebruik daarvan.
- Ons is baie dankbaar vir die reën wat ons ontvang het, maar die opvangdamme se watervlakke is skrikwekkend laag. Daar is ook dele in ons land wat nog steeds gebuk gaan onder die knellende droogte. Ons oë is op God gerig vir genade.
- Ons Gesondspersoneel het baie voorbidding nodig om voort te gaan met die verantwoordelike liefdestake wat hulle verrig. Ons is ook baie dankbaar vir almal wat van Covid-19 genees is.
- Ons dra almal aan die Here op wat hulle besighede moes sluit of hul werk of huise agv die pandemie verloor het.
- Dank die Vader dat dit goed gaan met die onderwys. Ons glo dat alle leerders hul volle gewig sal ingooi in die laaste deel van die skooljaar.
- Giel Meyer sterk tuis aan na 'n operasie. Judy Meyer se moeder is oorlede. Meegevoel aan haar, Giel en dogters.
- Ansie, dogter van Fritz en Nicky ondergaan ook toetse.
- Freek Pretorius kry behandeling. Bid vir sy vrou Elsabe en familie.
- Andries Els is siek.
- Tannie Lenie Postma is oorlede en haar troosdiens was Donderdag. Meegevoel aan Johann, Marlene en familie.
- Oom Kallie Kotze is oorlede en sy troosdiens was Vrydag. Innige simpatie aan tannie Rooikop, Jaco, Erika en familie.
- Ons bejaardes wat eensaam is en die wat siek is.
- 'n Baie groot dankie aan almal wat die Voedsel-projek ondersteun. Die dankbaarheid en blydschap van die wat gehelp word, is onbeskryflik.
- Al ons geestelike leiers. Ons vra dat die Here vir hulle sal toerus en inspireer sodat hulle hul werk met volharding en ywer kan voortsit.
- Ons glo dat God 'n einde sal bring aan die korrupsie, diefstal, inbrake, haat, moord en versteurde rasseverhoudings. Ons weet dat Sy lewensveranderende liefde die oplossing is.
- Dink aan Willem en Lorraine Janse van Rensburg wat wonderlike getuies, te midde van persoonlike verliese, daar ver in die Vryburg distrik is.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:

Bid dat vrouens wat vir Jesus in **Burkina Faso** volg sterk sal staan te midde van vervolging wat hulle verduur omdat hulle Christene is, en ook omdat hulle vrouens is.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die kerkraad het besluit om nie te begin met eredienste in die kerkgebou nie. Die besluit sal hersien word op die kerkraadsvergadering van 19 Augustus.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 16 Augustus

EREDIENSTE

Nagmaal

Eredienste word beskikbaar gestel op Kraggakamma gemeente se webblad, facebookblad en YouTube kanaal. Maak asb. seker jy "SUBSCRIBE" sodat jy niks sal mis nie. Inligting en skakels na boodskappe word ook op die webblad beskikbaar gestel.

Ons vier vandag nagmaal. Sorg asseblief dat jou brood en wyn/druiwesap gereed is voor jy inskakel.

Dinsdag 18 Augustus

Ons Bybelstudiegroep doen die nuwe boek van Deon Loots: Net een ding is noodsaaklik. Ons zoom Dinsdae van 15:30-16:30 vir Bybelstudie. Laat weet as enige iemand by ons wil aansluit of dalk net die boek wil hê. Ons zoom al te lekker saam. (Elizma Harmse – 083 940 5617)

18:00 Leef@Kerk Zoom sessie met die tieners. Kontak Deon vir meer inligting.

Voedselhulp aan PE-Noord

Ons ondersteun NG Kerk PE Noord in hul bediening om voedsel te voorsien aan 278 gesinne wat broodgebrek ly. Dankie vir almal wat reeds kos of kontant geskenk het. Daar is 'n mooi klomp kos geskenk en teen Woensdag 12 Aug is reeds R 120 945.76 inbetaal. Ons wil PE Noord bly ondersteun. Ons probeer so 30 gesinne per week help. Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Piet en Sonja Spies (Cassariyalaan 82) afgelaai word en van 17:00-19:00 by MG van Rooyen (Asterlaan 16). U kan ook inligting op ons webblad kry. Kontant donasies kan in die kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord. Vir meer inligting, kontak Sonja Spies by 084 516 4925.

Woensdag 19 Augustus

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 13:00 oop wees. Maak 'n afspraak, by Niekie (082 561 8747), indien jy kerkkantoor toe wil kom. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

GEMEENTEBIDUUR

18:00 Ons hou elke Woensdagaand 'n gebedsgeleentheid op Zoom. Kontak asb met Niekie indien jy wil inskakel en saambid.

19:00 Kerkraadsvergadering via Zoom

Vrydag 21 Augustus

MANNEGROEP

05:30-06:30 Mannegroep op Zoom. Besonderhede sal op die Kraggakamma Manne Whatsapp groep uitgestuur word. As jy nog nie op die groep is nie en wil inskakel, kontak met Elandre Bosch by sel: 084 812 4645. Alle manne welkom om te kom saamkuier.

Saterdag 22 Augustus

STAP, DRAF, TRAP, RY VIR BYBELS

Die Bybelgenootskap vier op Sondag 23 Augustus hul 200ste verjaardag!

Die groot projek wat hul in die vooruitsig stel vir hierdie besondere verjaardag, is om 2 miljoen Bybel-pakkette van R100 elk, bestaande uit 'n Bybel plus 'n stel Doen en Leer Boeke, in ons land te versprei. Dit is bedoel om die nood aan Bybels onder behoeftiges te verlig. Daar is meer as 23 miljoen mense in ons land sonder Bybels en dit maak van ons 'n Bybel-arm land.

Stap/Draf/Trap/Ry op Saterdag 22 Augustus op enige plek. Jy kan tussen 09:00 en 12:00 na die Bybelhuis in Cotswoldlaan 31, Cotswold gaan. Daar kan jy by die "Drive/Walk-Thru" jou R100-00 donasie inbetaal. Donasies kan ook direk in ons kerk se bankrekening inbetaal word. Merk dit asb. duidelik vir die Bybelgenootskap.

Kraggakamma gemeente is in die Oos-Kaap finansiëel een van die grootste ondersteuners van die Bybelgenootskap. Kom ons bly deel van die Bybelgenootskap se ywer om die Woord van die Here in elke huis in Suid Afrika te kry. Volg hierdie skakel indien jy deel wil wees van 'n virtuele stap/draf:

<https://www.modernathlete.co.za/run-walk-for-hope-race/>

Vir meer inligting, kontak Ben Fourie by sel: 0834482137.

VGK SA Cala

Die Magrietjie-selgroep het kinderontwikkelings-pakkies saamgestel vir 'n kleuterskool in Cala en benodig nou 'n saamrygeleentheid vir hierdie bokse. Indien die bokse tot in Queenstown kan kom, sal dit al klaar baie help. Kontak vir Zeldia Bakkes (083 950 6096) indien jy kan help.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

- | | |
|-------------|---|
| 16 Augustus | Bradley Capes, Naomi Heyns en Hermien Hiscock |
| 17 Augustus | Lihan Malan |
| 18 Augustus | Olivia Els, Monica van Jaarsveld, Tian van Niekerk |
| 19 Augustus | Elrie Maree, Igni Scheepers, Ethan Terblanche |
| 20 Augustus | Mindie Friend, Marius Langenhoven, Beyera Strydom en Keagin van der Merwe |
| 21 Augustus | Ronel Crous, Luhein Frazenburg, Robyn Kirchner, Annette Toerien, Salomé van Heerden |
| 22 Augustus | Willem Lombard, Roos-Marie Strydom en Japie Theron |



DIGITALE SPAN

Daar is geen twyfel dat die digitale bediening gekom het om te bly nie. Is daar iemand wat op hierdie diensgroep wil help? Kontak asb vir Niekie.



SPANNE WANNEER EREDIENSTE HEROPEN

Wanneer eredienste hervat, benodig ons ten minste twee spanne in die gemeente - een vir die ontsmetting van die gebou en een vir die verwelkoming van lidmate en bestuur van toegang tot die erediens ("screening"). Mense wat hier wil dien, kan ook met Niekie skakel.

DANKOFFER

Die eerste 5 maande van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons noodsaaklikste uitgawes betaal. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae.

Ons het erediensdankoffers en nou ook vir eers die kermis as groot bron van inkomste verloor. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien.

Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening inbetaal word of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005



ADVERTENSIEBLAD

Hierdie advertensieblad gee gemeentedelede kans om hulle besighede tydens die inperking gratis te adverteer.

Gemeentedelede wat wil adverteer, kan 'n e-pos aan Niekie stuur by kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za.

Die advertensies sal op facebook verskyn. Die inligting word 2 wekliks uitgestuur op die Whatsapp gemeentegroep.